Margaret (nr 49) en Claire Hobson het onderskeidelik die senior- en junior-kompetisies gewen
Foto: Greg Miles

Die Hofmeyr 100-myler
uitdaging der uitdagings

deur **Gerdie Landman**

Die jaarlikse uithouritkalender van die Uithouritvereniging van Suid-Afrika (ERA-SA) word gewoonlik met groot afwagting ontvang – dis dan wanneer ruiters en staljongens hul jaarlikse ritbeplanning doen. Die 80 km voorritte begin reeds in Februarie en strek tot einde Mei.

Dan volg die Nasionale Uithouritkampioenskappe op Fauresmith vroeg in Julie. Die tweede helfte van die jaar is 100-myler-tyd, en die GROTE val saam met volmaan in Augustus – die Hofmeyr 100-myler!

Hierdie rit het verlede jaar reeds vir die 27ste keer ononderbroke plaasgevind – dit is tans die ERASA Nasionale Kampioenskap vir die 100-mylers. Die wenner, wat binne die Springbok- kwalifiserende tyd ry, verwerf Nasionale erekleure – met die permanente Springboknommer. Voorwaar iets om voor te werk!

Hofmeyr is nie 'n rit wat mens sommer net so kan aanpak nie. Jy en jou perd moet baie goed voorbereid wees en jou voedingsprogram moet presies in die kol wees om te verseker dat jou perd genoeg energie beskikbaar het vir die hele rit. Hy gaan verseker gedurende die rit gewig verloor. Dan is daar die kwessie van taktiek. Gaan jy vinnig begin terwyl dit nog koel is, of gaan jy stadig wegtrek? Gaan jy beskermende sole onder jou perd se hoefysters gebruik of nie? Gaan jy saam met iemand ry of op jou eie? Wat van elektroliete?

Veeartsondersoek

Die Vrydagmiddag voor die rit skryf die ruiters in en ondergaan hulle perde 'n veeartsondersoek. Op 100-mylers moet ligter ruiters met gewigte op hulle saals ry om 'n minimum van 75 kg te weeg sodat die kompetisie vir almal regverdig kan wees.

Die ruiters bied hulle perde vir die sewe veeartse aan om te verseker dat die perde fiks en gesond is en in staat is om die rit aan te pak. Polsslag word gemeet en die perde moet uitdraf om seker te maak dat daar nie mankhede is nie.

Die wegspring

Om half drie Saterdag-oggend spring die 34 ruiters toe weg – met die volmaan as enigste lig op die pad. Die eerste afsaalplek vir 'n veeartsondersoek is na 27 km, op die Departement van Landbou se proefplaas Spitskop. Die tweede is 50 km die rit in, op die plaas Magdala van Delport en Emma Botha.

By Spitskop word die eerste ruiter uitgegooi en die res gaan voort Magdala toe *via* die baie styl en potensieel gevaarlike Uienhoekpas. Die meeste ruiters spring af en draf langs hulle perde. Dit is maar net die begin!

> "Hofmeyr is nie 'n rit wat mens sommer net so kan aanpak nie. Jy en jou perd moet baie goed voorbereid wees en jou voedingsprogram moet presies in die kol wees om te verseker dat jou perd genoeg energie beskikbaar het vir die hele rit."

By Magdala wag die helpers en beamptes in spanning vir die perde se koms – die nag is stil en die maan skyn helder. Daar brand 'n groot kampvuur op die plaaswerf met lekker warm koffie, tee en beskuit. Die groot groep perdemense vertel perdestories. Die omgewing se plaasvroue maak die lekkerste ontbyt, vyfuur in die oggend. Dis spek en eiers, wors en pap, roosterbrood en gesnyde vars lemoene. Meer as genoeg vir die lang dag wat voorlê! Dan begin die plaas se honde blaf, want hulle hoor die geluid van perdehoewe lank voordat die mense dit hoor – die eerste teken dat die perde naby is. Wie is voor? Chris, Willa en Elani kom rustig ingery ... soos mens moet ry met die sogenaamde houstelsel by die veeartspunt in werking. Kort daarna kom die groter bondel perde in met Margaret Hobson en haar juniorruiter-dogter Claire. Daar is 'n opgewondenheid op die terrein en almal maak gereed vir die inklok soos die perde aankom net voor ses die oggend.

As die eerste ruiters gereedmaak om op die volgende been te vertrek om die Aasvoëlberg oor te steek, kom van die laaste ruiters nog by die Magdala-veeartspunt aan. Die helpers spring in hul voertuie om by die volgende punt te kom – Vrolikskraal sowat 45 minute per voertuig daarvandaan. Ondervinding het geleer dat die vinnigste ruiters ten minste twee en 'n half uur sal neem om die 25 km oor die berg af te lê. Vanjaar neem dit hulle twee uur vyf en veertig minute. Hulle kom teen nege-uur op Vrolikskraal aan, met Willa en Chris steeds voor en Margaret en Claire net agter hulle.

Die afsnytyd vir Vrolikskraal is 10:30, en van die agterste ruiters moes uithaal om betyds daar te wees ... Donnae, Ncamile en Ashleigh maak dit met 'n skrale sewe minute in die bank.

Van die ruiters het slegs vir 'n 75 km rit ingeskryf, en Daan Landman van die Tsitsikamma wen dié kompetisie in wat hy beskryf as die grootste sportprestasie van sy lewe!

Vir die 100-mylers is dit egter nog nie eens halfpad nie. Volgens die aard van die sport moes 'n paar reeds op grond van die veearts se uitspraak tou opgooi en die teleurstelling stilweg verwerk. Die res van die groep val in die pad en kry van hierdie punt af ondersteuning van hulle helpers.

100 km – Amajuba

Sowat ses ruiters het vooraf vir die 100 km afstand ingeskryf en het dus hier klaargemaak. Elani de Meyer op haar mooi hings Shaklan het die kompetisie gewen en sy het reeds verklaar sy kom volgende jaar vir die GROTE terug. Die merkwaardigste was dat 'n 14-jarige ruiter, Megan King, die rit saam met die hardebaarde oor die berg tot by die 100 kilometermerk suksesvol voltooi het!

'n Groep moontlike wenners begin hulle gaandeweg onderskei – Willa, Chris, Margaret en Claire. Of is daar miskien iemand anders wat stilweg na vore gaan kom en teen die einde die druk gaan opsit?

Soos die rit vorder val nog ruiters uit. Almal ry baie versigtig want hulle weet die laaste twee bene van 60 km lê nog voor – minasemvlakte wag nog en dit word al warmer ...

Die laaste been

Willa, Chris, Margaret en Claire, die voorlopers, kom gelyk by die vyfde veeartspunt op Alicedale aan. Die plaas behoort aan David en Lynette Lord. Dit word duidelik dat die kompetisie oor die laaste been tot by die Hofmeyr-skougronde beslis gaan word.

Dan word Chris se perd, Farouk, onverwags geëlimineer en die kompetisie draai om drie ruiters. Toe die perde by die kruising aankom waar hulle uit die veld in die grondpad Hofmeyr toe indraai, is al drie steeds bymekaar. Dis duidelik: na langer as tien ure onder saal en met 155 km agter die rug, gaan die laaste vyf kilometer bepaal wie die wenner is.

Mbongiseni Mkhize van Natal, Niel Dercksen van Stellenbosch en Willem Goosen van Oos-Londen was steeds goed geplaas – en voltooi almal die 100-myler suksesvol. Trish Beal-Preston is nog baie sterk en het uiteindelik vyfde klaargemaak. Penny Winter maak 'n dapper sesde klaar , gevolg deur Ncamile Lufela wat vir die Lordfamilie ry. Samson Mjika het Rohan de Swart op sy hakke en hulle maak onderskeidelik agtste en negende klaar. Casper van Heerden, tweedejaar veeartsenystudent, Dube Price-Moore, John Mokoena, Ina Bryer, Werner Venter en Johan Willemse het almal oordeelkundig gery en die uithouritsport se leuse eer aangedoen: *"to finish is to win!"*

Teen 'n verbysterende 55 km per uur jaag die voorste drie perde vir die wenstreep – kop aan kop. Dit is uiteindelik Margaret Hobson op haar staatmaker Volbloed Legs wat die rit met 'n neuslengte wen – met tyd van 10 uur en 51 minute! Margaret het al verskeie kere tweede gekom en was vanjaar deel van die Nasionale span wat in Dubai gaan deelneem het. Sy werk al lank hard om haar Springbokkleure te verwerf – nou kwalifiseer sy daarvoor!

Willa Botland, 'n uitstekende ruiter wat lang ente langs sy perd gehardloop het om genoeg energie vir die eindpoging te bêre, is net-net tweede. Hy was nou twee keer in twee weke tweede in 'n 100-myler rit! Ons weet sy beurt kom nog.

Claire het 'n paar sekondes later die afdeling vir juniors gewen!

Die laaste perde het na donker eers ingekom, met die afsnytyd om 19:30 die Saterdagaand.

As mens dink dat slegs ses uit die 34 perde wat die oggend vertrek het, nie die rit kon voltooi nie, dan moet almal gelukgewens word met die oordeelkundigheid waarmee hulle gery het. Die feit dat geen perd by die laaste veeartspunt aan die einde van die rit uitgeval het nie, beklemtoon hierdie punt, en ook die oordeelsvermoë van die veeeartse vroeër in die rit.

Prysuitdeling

Sondagoggend vind die finale veeartsondersoek plaas en by die prysuitdeling ontvang Sharon Scott van Natal se perd Shar Rushkin, gery deur Mbongiseni Mkhize, die toekenning vir die besvoorbereide perd op die rit. Die naweek word afgesluit deur 'n uitstekende ontbyt wat deur die Lordfamilie daar op die skougronde voorgesit word.

Gerdie Landman is 'n melkboer en uithouriten-toesias in die Oos-Kaap. Skakel hom by 082 651 7727. SAH

Shar Rushkin van Sharon Scott van Kwa Zulu-Natal, gery deur Mbongiseni Mkhize, is aangewys as die besvoorbereide perd op die rit wat hier trots met die trofee staan
Foto: Greg Miles